

# Sebra-leesboeke
# Pers-reeks


# Aktiwiteite













Shuter & Shooter
PIETERMARITZBURG • JOHANNESBURG • OOS-LONDEN • KAAPSTAD

Die outeurs en uitgewer erken met dankbaarheid verlof om kopieregmateriaal in hierdie werkvelle te gebruik.
Alle redelike pogings is aangewend om kopiereghouers op te spoor. Die uitgewers verneem graag van inligting wat hulle in staat sal stel om enige weglatings of regstellings in hieropvolgende oplae reg te stel.

www.shuters.co.za
Shuter&Shooter
@Shuters

Shuter & Shooter Uitgewers (Edms.) Bpk.
Shuters House, CB Downesweg 110, Pietermaritzburg 3201, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika
Posbus 61, Mkondeni 3212, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika


Kopiereg © Shuter & Shooter Uitgewers (Edms.) Bpk. 2019

Eerste uitgawe 2019

TM2001337


THIS IS AN AFRIKAANS ACTIVITY BOOK


# Pers-reeks













| Inhoud | Datum voltooi |
|---|---|
| **Vulani!** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |
| **Visse, vere en 'n fabel** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |
| **Wens op 'n seester** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| **Ag nee, mnr. Uzzi!** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |
| **Interessante seremonies en feeste** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |

## Werk in groepe

### Ons omgewing

**Jy sal die volgende nodig hê:**
*'n A4- of A3-bladsy*
*Gekleurde karton*
*Gom 'n Skêr Kryte*



- Werk in groepe van vier.
- Elke groep moet 'n boom teken.
- Teken groen blare, vrugte en blomme aan die een kant van die boom en kaal takke, droë takke en 'n paar geel blare aan die ander kant van die boom.
- Maak die volgende opskrifte en plak een aan die linkerkant en een aan die regterkant van jou bladsy.

**Voordele van omgewingsbewaring**
**Nadele van verwaarlosing van die omgewing**

- Twee persone kies om met die een opskrif te werk en die ander twee werk met die tweede opskrif.
- Gebruik verskillende kleure karton en sny dit in stroke. Dink aan die moontlikhede by die twee opskrifte op jou bladsy en skryf die moontlikhede op die stroke neer.
- Plak elke strook aan 'n tak vas.
- Plak die boom in die klas op wanneer dit klaar is. Daarna kan elke groep 'n beurt kry om hul argumente aan te bied.

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Skryf 'n paragraaf

Lees die storie van Vulani sorgvuldig deur.

1. Skryf 'n paragraaf oor hoe die Khoisan-mens 'n vuur aangesteek het.
2. Skryf 'n paragraaf waarin jy verduidelik hoe tegnologie verander het en watter uitwerking dit op ons lewens gehad het.



© Shuter & Shooter Uitgewers

# Doen navorsing

## Feite-lêer

Lees die inligting oor die "Boom van die Lewe" en skep 'n feite-lêer oor die kremetartboom.

As 'n uitbreidingsaktiwiteit kan die klas navorsing oor ander inheemse bome doen en dit in 'n feite-lêer neerskryf.

| Die kremetartboom | | |
|---|---|---|
| Omtrek van ongeveer 34 m | Vrot van die binnekant af | Gebruike: om klere en tou te maak |



© Shuter & Shooter Uitgewers

# Toets hoe goed jy die storie verstaan

## Begripstoets

Lees die storie “Soete Mamma” en beantwoord die volgende vrae.

1. Gee bewyse uit die storie dat die Xhu! se mense ’n ernstige droogte beleef het.
2. Wat het Xhu! vir haar gesin probeer doen?
3. Waarom was Xhu! nie geïnteresseerd in die heuningvoël nie?
4. Wat het die voëltjie vir Xhu! probeer wys?
5. Verduidelik hoe Kothi! die bye uit die korf gekry het.
6. Die storie illustreer dat die Xhu! se mense en die diere in harmonie geleef het. Soek bewyse uit die storie wat dit illustreer.



**Navorsingsaktiwiteit**
’n Eland-fees was vir die jagter-versamelaars baie belangrik. Gebruik jou biblioteek om inligting te kry oor hoe die eland gejag, geslag en gebruik is.

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Werk met woorde

Nadat jy die storie gelees het, moet jy die opskrifte hieronder gebruik om die golwe met woorde te vul wat verband hou met die opskrif.

Vul die golwe met die woorde.

Teken 'n prent onder elke woord om dit te illustreer.

| | | |
|---|---|---|
| **Golf 1:** | Seediere | *bv. walvisse* |
| **Golf 2:** | Aktiwiteite op/in die see | *bv. hengel* |
| **Golf 3:** | Seevervoer | *bv. bote* |
| **Golf 4:** | Seeplante | *bv. eendemossels* |

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Kreatiewe skryfwerk en rolspel

## Dialoog

Kyk na die prente op bladsy 8 en 9 en skryf 'n dialoog wat uitbeeld wat in die storie gebeur. Wanneer die dialoog klaar geskryf is, kan elke persoon 'n rol gegee word om die dialoog te rolspeel.

Onthou om die karakters se name neer te skryf en om 'n paar toneelaanwysings te gee. Volg die voorbeeld wat hieronder gegee word.

**Tannie Anna:** *(met 'n breë glimlag en 'n sug van verligting)* Dankie, Here, hulle is veilig.

**Jan:** *(moeg en bibberend)* Hallo, Mamma, ek is so bly om terug by die huis te wees.



© Shuter & Shooter Uitgewers

## Speel met taal

### Woordraaisel

Die voëls moet vir hulle ’n koning kry. Hulle moet al die voëls nooi wat in die woordraaisel hieronder verdwaal is.

Soek die voëls in die woordraaisel.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| v | e | w | e | w | e | r | k |
| p | a | p | e | g | a | a | i |
| l | f | l | a | m | i | n | k |
| l | e | w | e | r | i | k | s |
| r | a | a | s | v | o | e | l |
| v | i | n | k | v | a | l | k |
| v | a | r | e | n | d | i | s |
| s | w | a | w | e | l | e | i |



© Shuter & Shooter Uitgewers

## Gee duidelike instruksies

### Visvang

Jy moet 'n jong kind leer om vis te vang.

Maak 'n lys van alles wat jy nodig sal hê.

Skryf die instruksies wat gevolg moet word in die regte volgorde neer.

Teken 'n prentjie na elke instruksie sodat dit maklik is om die instruksies te volg.




© Shuter & Shooter Uitgewers

## Ontwerp ’n wapen

Die storie “Wens op ’n seester” illustreer die waarde van vriendskap.

Thabisa vind ’n ware vriendin in Ayize. Help vir Thabisa om ’n vriendskapswapen met ’n boodskap te ontwerp as teken van haar waardering vir die vriendskap wat hulle deel.



© Shuter & Shooter Uitgewers

# Wens op ’n seester

## Speel met taal

### Helende hande

Reik ’n hand van vriendskap uit.

Teken twee hande of kry ’n prent van twee hande.

Skryf woorde wat seermaak op die linkerhand neer en woorde wat heel (gesond maak) op die regterhand.



© Shuter & Shooter Uitgewers

# Hoe goed ken jy jou maat?

## Spanspeletjieprogram

### Jy gaan die volgende nodig hê.

*'n Stel vrae*
*'n Gasheer of gasvrou vir die spanspeletjieprogram*
*Twee deelnemers per keer*

### Spanspeletjieprogram: Hoe goed ken jy jou maat?

Kies 'n klasmaat wat jou vriend of vriendin is en gesels met mekaar om uit te vind waarvan die ander een hou, nie hou nie, wat die ander een se gunsteling-kos, -boeke, -kleure is, watter troeteldiere hulle het, hoeveel mense in hulle gesin is, ensovoorts.

Die gasheer of gasvrou verduidelik die reëls van die speletjie soos volg:

**Reëls:**

- Jy sal 20 vrae oor jou maat moet beantwoord.
- Jy sal 10 sekondes kry om die vrae te beantwoord.
- Indien jy drie agtereenvolgende vrae verkeerd beantwoord, word jy uit die speletjie geskakel.
- Die span met die meeste korrekte antwoorde wen.

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Werk met taal

### Sinne

In die blokke hieronder sal jy die begin, middel en slot van sinne kry.

Kies die regte sinsdele om betekenisvolle sinne te maak.

Pas die regte onderwerpe, werkwoorde, en voorwerpe (of uitbreiding van die gesegde) bymekaar om betekenisvolle sinne te maak.

Kyk hoeveel sinne jy kan maak.

Skryf die dele van die sinne in die onderskeie kolomme op die volgende bladsy.


| | | |
|---|---|---|
| Mnr. Uzzi | kla | om vergoed te word vir die skade aan sy kar. |
| Dr. Howna | wei | as 'n goeie onderhandelaar. |
| Koeie | slaan | sy pasiënte. |
| Mnr. Prodos | was | ons van suiwelprodukte. |
| Die koei | | onverantwoordelik. |
| | voorsien | in die veld. |
| Alle diere | help | |
| Die motoreienaar | eis | dat die koei haar tuin vernietig. |
| Mev. Uzzi | het bekend-gestaan | om beskerm te word. |
| Die buurvrou | verdien | mnr. Uzzi met 'n pan. |

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Ag nee, mnr. Uzzi!

*Vervolg*

| Begin | Middel (werkwoord of gesegde) | Uitbreiding |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |



© Shuter & Shooter Uitgewers

# Oefen taalstrukture

## Basisvorme, voorvoegsels en agtervoegsels

Skryf woorde wat uit die basisvorm in die eerste kolom gevorm kan word in die voor- en agtervoegsel-kolom neer.

| **Basisvorm (stam): woord waaruit ander woorde gevorm kan word** | **Voorvoegsel (premorfeem): 'n lettergreep word voor aan die woord gevoeg** *Byvoorbeeld: on,- mis-, ver-* | **Agtervoegsel (postmorfeem): 'n lettergreep word agter aan die woord gevoeg** *Byvoorbeeld: -heid, -skap, -ing* |
|---|---|---|
| veilig | | |
| verantwoordelik | | |
| vriendelik | | |
| beleef | | |
| eerlik | | |
| waar | | |
| handel | | |
| brand | | |
| dek | | |
| moedig | | |

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Gebruik kritiese denke

## Regte en verantwoordelikhede

- Wat is 'n *reg*?
- Wat is 'n *verantwoordelikheid*?
- Stel 'n tabel op met regte en verantwoordelikhede om mnr. Uzzi te help om sy lewe te organiseer.
- Kyk na die lys regte hieronder en skryf die verantwoordelikheid wat saam met elke reg gaan langsaan neer.



| Regte | Verantwoordelikhede |
|---|---|
| Ek mag 'n troeteldier hê. | |
| Ek is geregtig op 'n werk. | |
| Ek mag nie uitgebuit word nie. | |
| Ek moet 'n bestaanbare loon verdien. | |
| Ek is geregtig op privaatheid in my eie huis. | |

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Brei jou woordeskat uit

### A Woordeskat

Woordeskatuitbreiding: Anagramme

'n **Anagram** is 'n woord wat gevorm word deur die letters van 'n ander woord in 'n ander volgorde te rangskik.

Verander die volgende woorde in skuinsdruk. Gebruik die leidrade wat gegee word. Byvoorbeeld:

1. As mnr Uzzi optree, kan hy die *aksie* vinnig afhandel. ***sakie***
2. Die koei loop oor die boer se *agterhek* grond.
3. Mev. Uzzi lê nie heeldag op haar *asof* nie.
4. Mev. Uzzi voeg *asyn* by haar beskuitdeeg.
5. Mnr. Uzzi *balkie* gereeld met sy buurman.

**B** Kies 'n woord uit die volgende lys om die onderstaande sinne te voltooi.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **gekwets** | **gekwes** | **rante** | **rande** | **vier** | **fier** | **bros** | **broos** |

1. Mev. Uzzi se beskuit is baie ____________________ en verkrummel maklik.
2. Mnr. Uzzi het ____________________ mense kwaad gemaak, maar hy loop steeds ____________________ en regop.
3. Mnr. Uzzi weet dit gaan baie ____________________ kos om die motor reg te maak.
4. Mnr. Uzzi se gevoelens is ____________________ deur mnr. Prodos se woorde.

© Shuter & Shooter Uitgewers

*Vervolg*

## C Byvoeglike naamwoorde

**Byvoeglike naamwoorde** word gebruik om mense en dinge op 'n interessante manier te beskryf.

Kies twee karakters uit die storie en skryf ten minste ses byvoeglike naamwoorde in die kassies om elkeen te beskryf. Moenie byvoeglike naamwoorde herhaal nie.
Gebruik die byvoeglike naamwoorde en skryf nou 'n paragraaf om elke persoon te beskryf.

| | |
|---|---|
| **Karakter:** *Mnr. Prodos*<br>**B.nwe.:** *wys, kalm* | **Karakter:**<br>**B.nwe.:** |

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Werk met woorde

### Woordeskat

**A** Skryf elkeen van die volgende woorde langs die korrekte definisie neer.

**viering** **seremonie** **fees**

| Kolom A: Definisie | Kolom B |
|---|---|
| 1. 'n geleentheid waar baie mense bymekaar kom om iets te vier, byvoorbeeld die einde van 'n seisoen | |
| 2. 'n geleentheid wat 'n ritueel behels waartydens iets gewettig word, byvoorbeeld 'n huwelik | |
| 3. 'n geleentheid waar 'n mens jou vreugde toon oor iets besonders wat gebeur het | |

**B** Skryf langs die geleentheid in kolom A of dit 'n **viering**, **seremonie** of 'n **fees** is.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| Nagmaal | |
| Meerderjarigwording van 'n Hindoe | |
| 'n Hindoe-begrafnis | |
| Die doop van 'n baba | |
| 'n Partytjie aan die einde van die oes-seisoen | |
| Barmitswa | |
| Oppikoppi | |
| Gradeplegtigheid | |
| Kaapse Klopse | |
| Parlementsopening | |

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Doen ’n taalspeletjie

## Woordraaisel

Soek die woorde, waarvan die volgende die definisies is, in die onderstaande woordraaisel.

- ’n eksamen deurkom
- soos die tyd verbygaan
- uit die ou tyd
- wat op ’n perd ry
- stukkend breek deur dit hard te stamp
- maniere waarop goed in ’n spesifieke geloof gedoen word
- klein oorlogskip wat gewapen is
- vurig en vol energie

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| m | e | t | t | e | r | t | y | d | j |
| k | y | d | r | i | f | t | i | g | a |
| l | b | w | u | m | r | e | q | b | k |
| v | e | r | p | l | e | t | t | e | r |
| s | r | i | i | d | g | r | w | m | s |
| v | e | t | o | f | a | s | e | c | l |
| w | d | e | a | n | t | i | e | k | e |
| x | e | s | l | a | a | g | s | z | y |

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Brei jou woordeskat uit

### A Homofone

Kies die korrekte homofoon om elke sin te voltooi.

1. Ons *vier/fier* elke jaar my ouma se verjaardag in 'n restaurant.
2. My *hard/hart* was baie seer by my oupa se begrafnis.
3. Na die seremonie *eed/eet* die familie saam.
4. 'n Volwasse man *moed/moet* sy eie besluite neem.
5. 'n Joodse seun moet 'n liefdadigheidsprojek *ly/lei* voor sy barmitswa.
6. Mense *reis/rys* na Knysna vir die Oesterfees.

### B Homonieme

Maak 'n kort, verklarende sin met die homoniem van elk van die onderstreepte woorde in die sinne.

1. Oppikoppi word <u>as</u> een van die beste feeste beskou.
2. Ficksburg lewer die grootste hoeveelheid <u>kersies</u> in Suid-Afrika.
3. Daar is aktiwiteite wat in almal se smaak <u>val</u>.
4. In November word die kersies aan die <u>takke</u> ryp.
5. Ons kan nie wag tot die kersies <u>ryp</u> is nie.
6. Die Suid-Afrikaanse Vloot neem aan die fees deel <u>deur</u> met hul fregatte deur die Knysna Koppe te vaar.

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Kreatiewe skryfwerk

### Dialoog of dagboekinskrywing

Kies een van die volgende twee onderwerpe.

1. Lees weer die teksgedeelte oor **buitengewone huwelike** op bladsy 19.

   Verbeel jou jy het 'n buitengewone huwelik bygewoon. Skryf 'n dialoog tussen jou en 'n maat waarin jy uitgevra word oor die seremonie en vertel wat jy beleef het.

**OF**

   Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy vertel van 'n huwelikseremonie wat jy die dag bygewoon het.

2. Lees weer die teksgedeelte oor die **Knysna-oesterfees** op bladsy 37.

   Jy en 'n maat beplan om die Oesterfees op Knysna by te woon. Skryf 'n dialoog tussen jou en jou maat waarin julle gesels oor die aktiwiteite waaraan julle graag by dié Fees sou wou deelneem.

**OF**

   Doen 'n dagboekinskrywing waarin jy vertel wat jy graag by die Oesterfees op Knysna sal wil doen.








© Shuter & Shooter Uitgewers

Sebra-leesboeke


# Antwoorde vir die aktiwiteite oor die Pers-leesboeke












# Pers Sebra-leesboeke

## Boek 1: Vulani! — Aktiwiteit 1

Leerders werk in groepe om 'n boom te skep. Hulle skryf die voordele daarvan neer om die omgewing te bewaar en die nadele daarvan om dit te verwaarloos.

## Boek 1: Vulani! — Aktiwiteit 2

Leerders skryf twee paragrawe.

## Boek 1: Vulani! — Aktiwiteit 3

Leerders skep 'n feite-lêer oor die kremetartboom.

## Boek 1: Vulani! — Aktiwiteit 4

Leerders beantwoord die vrae.

## Boek 2: Visse, vere en 'n fabel — Aktiwiteit 1

Golf 1: dolfyne, haaie, seeskilpaaie
Golf 2: swem, hengel, boot-ry, seil
Golf 3: motorboot, passasierskip, waterponie, seiljag
Golf 4: seewier, koraalrif, eendemossels

## Boek 2: Visse, vere en 'n fabel — Aktiwiteit 2

Leerders skep 'n dialoog en rolspeel dit.

## Boek 2: Visse, vere en 'n fabel — Aktiwiteit 3

wewer, papegaai, flamink, lewerik, aasvoël, vink, valk, volstruis, swawel

## Boek 2: Visse, vere en 'n fabel — Aktiwiteit 4

visstok, vislyn, katrol, aas, hoek, sinker, mes

- Stel die visstok op met vislyn, sinker, dobbertjie, hoek en aas.
- Knoop die sinker of dobbertjie en hoek aan die vislyn vas.
- Maak die aas aan die hoek vas.
- Gooi jou lyn in die water.
- Wag vir die vis om te byt. Jy sal 'n sagte pluk voel en dan agterkom dat jou lyn styftrek.
- Ruk jou visstok agtertoe en op wanneer jy die sagte pluk voel.
- Trek die vis in deur die visstok vertikaal te hou en terselfdertyd in te katrol.

- Gebruik 'n net om die vis mee te gryp sodra hy naby genoeg is.
- Haal die hoek versigtig uit die vis se bek.
- Besluit of jy die vis gaan vrylaat en of jy dit gaan gaarmaak.

## Boek 3: Wens op 'n seester — Aktiwiteit 1

Leerders ontwerp 'n vriendskapswapen.

## Boek 3: Wens op 'n seester — Aktiwiteit 2





| | |
|---|---|
| lelik | vergifnis |
| haat | hulp |
| nutteloos | vriende en familie |

## Boek 3: Wens op 'n seester — Aktiwiteit 3

Leerders neem deel aan 'n spanspeletjieprogram.

## Boek 4: Ag nee, mnr. Uzzi! — Aktiwiteit 1

| Begin | Middel (werkwoord) | Uitbreiding van die werkwoord |
|---|---|---|
| Mnr. Uzzi | was | onverantwoordelik. |
| Dr. Howna | help | sy pasiënte. |
| Koeie | voorsien | ons van suiwelprodukte. |
| Mnr. Prodos | het bekendgestaan | as 'n goeie onderhandelaar. |
| Die koei | wei | in die veld. |
| Alle diere | verdien | om beskerm te word. |
| Die motor-eienaar | eis | om vergoed te word vir die skade aan sy kar. |
| Mev. Uzzi | slaan | mnr. Uzzi met 'n pan. |
| Die buurvrou | kla | dat die koei haar tuin vernietig. |

## Boek 4: Ag nee, mnr. Uzzi! — Aktiwiteit 2

| **Basisvorm (stam): woord waaruit ander woorde gevorm kan word** | **Voorvoegsel (premorfeem): 'n lettergreep word voor aan die woord gevoeg** Byvoorbeeld: on,- mis-, ver- | **Agtervoegsel (postmorfeem): 'n lettergreep word agter aan die woord gevoeg** Byvoorbeeld: -heid, -skap, -ing |
|---|---|---|
| veilig | onveilig | (on)veiligheid |
| verantwoordelik | onverantwoordelik | (on)verantwoordelikheid |
| vriendelik | onvriendelik | (on)vriendelikheid |
| beleef | onbeleef | beleefdheid |
| eerlik | oneerlik | (on)eerlikheid |
| waar | onwaar | (on)waarheid |
| handel | mishandel | (mis)handeling |
| brand | verbrand | verbranding |
| dek | bedek | (be)dekking |
| moedig | ontmoedig | moedigheid |

## Boek 4: Ag nee, mnr. Uzzi! — Aktiwiteit 3

| **Regte** | **Verantwoordelikhede** |
|---|---|
| Ek mag 'n troeteldier hê. | Dit is my verantwoordelikheid om na my troeteldier te kyk. |
| Ek is geregtig op 'n werk. | Dit is my verantwoordelikheid om werk te soek en aansoek te doen vir 'n werk waarvoor ek opgelei is. |
| Ek mag nie uitgebuit word nie. | Dit is my verantwoordelikheid om my meerderes en toepaslike instansies in te lig sodat hulle kan optree wanneer ek voel dat ek uitgebuit word. |
| Ek moet 'n bestaanbare loon verdien. | Dit is my verantwoordelikheid om 'n bestaanbare loon op 'n eerlike manier te verdien. |
| Ek is geregtig op privaatheid in my eie huis. | Dit is my verantwoordelikheid om seker te maak dat my gordyne toegetrek, my vensters toe en my deure gesluit is. |

## Boek 4: Ag nee, mnr. Uzzi! — Aktiwiteit 4

**A**

1. sakie 2. geharkte 3. sofa
4. anys 5. baklei

**B**

1. Mev. Uzzi se beskuit is baie **bros** en verkrummel maklik.
2. Mnr. Uzzi het **vier** mense kwaad gemaak, maar hy loop steeds **fier** en regop.
3. Mnr. Uzzi weet dit gaan baie **rande** kos om die motor reg te maak.
4. Mnr. Uzzi se gevoelens is **gekwets** deur mnr. Prodos se woorde.

**C**

**Karakter:** Mnr. Prodos

**Byvoeglike naamwoorde:** wys, kalm, behulpsaam, vriendelik, intelligent

**Karakter:** Mnr. Uzzi

**Byvoeglike naamwoorde:** onverantwoordelik, hardkoppig, selfsugtig, dwaas, kinderagtig, onverskillig

Leerders skryf 'n paragraaf om elke persoon te beskryf.

## Boek 5: Interessante seremonies en feeste — Aktiwiteit 1

**Woordeskat**

1. viering 2. seremonie 3. fees

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| Nagmaal | seremonie |
| Meerderjarigwording van 'n Hindoe | fees |
| 'n Hindoe-begrafnis | seremonie |
| Die doop van 'n baba | seremonie |
| Partytjie aan die einde van die oes-seisoen | viering |
| Barmitswa | seremonie |
| Oppikoppi | fees |
| Gradeplegtigheid | seremonie |
| Kaapse Klopse | fees |
| Parlementsopening | seremonie |

## Boek 5: Interessante seremonies en feeste | Aktiwiteit 2

### Woordraaisel

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| m | e | t | t | e | r | t | y | d | j |
| k | y | d | r | i | f | t | i | g | a |
| l | b | w | u | m | r | e | q | b | k |
| v | e | r | p | l | e | t | t | e | r |
| s | r | i | i | d | g | r | w | m | s |
| v | e | t | o | f | a | s | e | c | l |
| w | d | e | a | n | t | i | e | k | e |
| x | e | s | l | a | a | g | s | z | y |

## Boek 5: Interessante seremonies en feeste | Aktiwiteit 3

### Homofone

1. vier
2. hart
3. eet
4. moet
5. lei
6. reis

### Homonieme

1. Die vuur het uitgebrand en daar is slegs as oor.
2. Daar is twaalf kersies op die verjaardagkoek.
3. My sussie val gereeld wanneer sy fiets ry.
4. Daar is baie takke van die ABC-bank in die dorp.
5. Die ryp lê dik op die gras vanmôre.
6. Moenie die deur klap wanneer jy dit toemaak nie.

## Boek 5: Interessante seremonies en feeste | Aktiwiteit 4

Leerders skryf die dialoog of doen die dagboekinskrywing oor een van die onderwerpe.